

## 25 November Handeling 15:1-30; (Teks: 15:28)

### *Die Heilige Gees en ons het besluit...*

Die vreugde in die gemeente van Antiogië oor die sendingrapport van Paulus en Barnabas is spoedig versuur deur besoekers uit Judea wat die gelowiges probeer wysmaak het dat die geloof in Christus nie genoeg is om gered te word nie: hulle moet hulle ook nog laat besny! Die probleem is uiteindelik in Jerusalem opgelos en van die oplossing word gesê: "Die Heilige Gees en ons het besluit..." Die teenwoordigheid en leiding van die Heilige Gees blyk uit die volgende:

- Die bereidheid om in liefde vir die waarheid die gesprek met die medegelowiges in Jerusalem voort te sit. Dit het die geleentheid geskep vir ander gelowiges om die strydendes te dien met die insig wat hulle het.
- In die bespreking is daar duidelik gebou op die werke en die Woord van die Here.
- In die uiteindelige besluit is die weg van die liefde gevolg: liefde vir die waarheid en liefde vir mekaar; om mekaar prakties te konsidereer. Dit was dus 'n oefening in kennis en gehoorsaamheid en in geduld met mekaar.

Waar die liefde as werk van die Gees so duidelik die toon aangee en die laaste woord spreek, is daar geen twyfel oor die leiding en teenwoordigheid van die Gees nie. Kerklike vergaderings moet van hulle besluite kan sê: "Die Heilige Gees en ons het besluit." Die spelreëls is duidelik genoeg om te volg. As ons dit egter nie in ons persoonlike lewens ingeoefen het nie, sal ons dit beswaarlik wel in openbare vergaderings kan doen.

Sing: Skrifberyming 16:1,7

Ds. D.H.P. Wijnbeek (Steynsburg)